

**Skriflesing:** 2 Samuel 12:1-14; Lukas 22:54-62

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 6-7**

Teks: **2 Sam 12:13a; Lukas 22:62**

Sing- **Ps. 23:2; Ps. 130:1; Ps. 87:4,5**

## **2 Samuel 12:1-14**

**2Sa 12:1** Daarom het die HERE Natan na Dawid gestuur. Toe hy by hom inkom, sê hy vir hom: Daar was twee manne in 'n sekere stad, die een was ryk en die ander arm.

**2Sa 12:2** Die ryke het 'n groot menigte kleinvee en beeste gehad,

**2Sa 12:3** maar die arme het glad niks gehad nie, behalwe een klein ooilammetjie wat hy gekoop en in die lewe gehou het, en wat by hom en saam met sy kinders groot geword het; dit het van sy stukkie brood geëet en uit sy beker gedrink en in sy skoot geslaap, en dit was vir hom soos 'n dogter.

**2Sa 12:4** En toe daar besoek kom by die ryk man, het hy ontsien om van sy kleinvee of beeste te neem om vir die reisiger wat by hom gekom het, iets te berei; daarom het hy die ooilam van die arm man geneem en dit berei vir die man wat by hom gekom het.

**2Sa 12:5** En Dawid het baie kwaad geword vir die man en aan Natan gesê: So waar as die HERE leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe!

**2Sa 12:6** En die ooilam moet hy viervoudig teruggee, omdat hy hierdie ding gedoen het en geen ontferming geken het nie.

**2Sa 12:7** Toe sê Natan vir Dawid: U is die man! So sê die HERE, die God van Israel: Ék het jou as koning gesalf oor Israel, en Ék het jou gered uit die hand van Saul;

**2Sa 12:8** en Ek het die huis van jou heer aan jou gegee, en die vroue van jou heer in jou skoot, en Ek het die huis van Israel en Juda aan jou gegee; en as dit te min was, sou Ek aan jou nog meer sulke dinge daarby wil voeg.

**2Sa 12:9** Waarom het jy die woord van die HERE verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë? Uría, die Hetiet, het jy met die swaard verslaan, en sy vrou het jy vir jou as vrou geneem, nadat jy hom deur die swaard van die kinders van Ammon vermoor het.

**2Sa 12:10** En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees.

**2Sa 12:11** So sê die HERE: Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek, en jou vroue voor jou oë neem en aan jou naaste gee, sodat hy by jou vroue sal slaap voor die oog van hierdie son.

**2Sa 12:12** Want jy het dit in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding doen voor die hele Israel en in die volle sonlig.

**2Sa 12:13** **En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die HERE!** En Natan sê vir Dawid: So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie.

**2Sa 12:14** Maar omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe.

## **Lukas 22:54-62**

**Luk 22:54** En hulle het Hom gevange geneem en weggelei en Hom gebring in die huis van die hoëpriester. En Petrus het van ver af gevolg.

**Luk 22:55** En toe hulle 'n vuur in die middel van die binneplaas van die paleis gemaak en bymekaar gaan sit het, het Petrus onder hulle gesit.

**Luk 22:56** En 'n diensmeisie het hom daar by die vuur sien sit; en nadat sy hom vas aangekyk het, sê sy: Hierdie man was ook saam met Hom.

**Luk 22:57** Maar hy het Hom verloën en gesê: Vrou, ek ken Hom nie.

**Luk 22:58** En kort daarna sien iemand anders hom en sê: Jy is ook een van hulle. Maar Petrus sê: Man, ek is nie.

**Luk 22:59** En ná verloop van omtrent een uur het 'n ander een dit verseker en gesê: Sowaar, hierdie man was ook saam met Hom, want hy is ook 'n Galiléër.

**Luk 22:60** Maar Petrus antwoord: Man, ek weet nie wat jy sê nie. En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het die haan gekraai.

**Luk 22:61** En die Here het Hom omgedraai en Petrus aangekyk, en Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.

**Luk 22:62** En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween.

### **Dordtse Leerreëls- Hoofstuk 5:6-7**

6. God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.

7. Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het, van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God, wat nou met hulle versoen is; deur die geloof in Hom eerbiedig hulle sy ontferminge om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.

**Skriflesing:** 2 Samuel 12:1-14; Lukas 22:54-62

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 6-7**

Teks: **2 Sam 12:13a; Luk. 22:62**

Sing- **Ps. 23:2; Ps. 130:1; Ps. 87:4,5**

Geliefdes, wanneer ons na onself kyk en ons is eerlik met onself dan sal ons uit die vorige paragraaf van hoofstuk 5 erken dat sonde is ernstig (Paragraaf 4). Paragraaf 5 wys op die ernstige gevolge van die sonde. Dit het gemaak dat ons die Heilige Gees bedroef. Die toorn van God wat ons in alles swaar kan tref is baie ernstig. Mense kan die oefening van die geloof vir 'n tyd lank verbreek, die gewete kan swaar gekwes wees, ja die besef van genade kan die mens selfs 'n tyd lank verloor. Hoe verskriklik wanneer 'n mens in sulke geloofstwyfel en wanhoop verval. Dit is asof so 'n toestand 'n mens in algehele hopeloosheid laat beland. Dit voel naderhand werklik of ek eerder net kan doodgaan. Dit is verskriklik wat met mens gebeur soos Elia wat onder die besembos inkruip, hy wens hy kan sterwe. Soos die bos se naam is, so wens hy daar kom 'n besem wat hom van die aarde wegvee.

Dieselfde Elia, weet ons, staan as bewys van wat ons vandag hier bely. Ek kan hoe hopeloos voel, totaal en al uitgelewer en verlore, dit mag lyk daar in niks waaraan ek meer kan vashou nie, dan moet u paragraaf 6 hardop u belydenis maak. Ons kan dit so duidelik aantoon dat God Self sal Sy Heilige Gees in die droewigste val van sy uitverkorenes **nooit heeltemal van**

**hulle wegneem nie...** God sal nie toelaat dat hulle wat aan Hom behoort verlore gaan nie. Elia ontvang aan sy voete, engele besoek en engele kos. Hemelse troos en versekering... (1 Kon 19:4-5). Die Dordtse Leerreëls doen 'n beroep op God se oneindige barmhartigheid terwyl dit Christus is wat ons verseker- Joh.14:16- *En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:* Ja, Christus het Self gesê, dit waarmee Mattheus eindig- *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

\*\*\*

Wanneer ons vanuit die Woord en vanuit ons belydenis, op grond van die Woord hierdie vaste belofte hoor, dan is die troos vir die gelowige in alle opsigte die leer van die uitverkiesing. God het in die ewigheid voordat daar tyd of wêreld was sy kinders uitverkies. Die implikasies van so 'n kragdadige stelling kan ons die vrug pluk. In die tyd wat God bepaal vind die wedergeboorte in die uitverkore kind van God plaas. Dit is wanneer die Heilige Gees in die hart van die gelowige woning maak. Die Heilige Gees word 'n blywende inwoner. God sal sy Gees in ons laat bly, al gebeur wat ook al met ons. Die Gees lei ons in die waarheid (Joh.16:13) maar die Gees werk in ons ook die geloof (1 Kor. 2:10-14; 12:3).

Wanneer ons te midde van twyfel en verslae harte nog moet volhard, dan is hierdie die geheim van ons volharding. God wat so getrou is dat al sondig sy kind gruwelooslik kan ons ná God terugkeer. Daar is nog weer genade, bekering is nog weer moontlik. Dit alleen op grond van wat ons belydenis hier stel dat God sy Heilige Gees nie **heeltemal van sy eiendom sal wegneem nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie.** Daar is 'n pad terug.

\*\*\*

God se barmhartigheid is altyd groter as my sonde. Ja, die Woord barmhartigheid is in die Hebreeus ook die woord רַחֵם racham {rakh'-am}, wat sterk ooreenkomste toon met die Woord wat ons as moederskoot vertaal. Daardie innerlike beweging binne 'n moederskoot, die ma wat haar kind in haar voel beweeg, sy het haar kind wat nog nie eers gebore is nie, die kind wat sy nog dra, daardie kind moet in liefde omvou word. Barmhartigheid, moederskoot staan in die Hebreeus nou saam... Ja, God se omvouing van sy kinders is baie groter. God se hart keer in Hom om, wanneer Hy oor sy kinders handel. Wanneer Natan met Dawid die gelykenis opneem dan gaan dit oor hierdie deernis, daardie arm man met sy een ooilammetjie.

Die gevolg van Natan se verhaal is Dawid se besef van ellende. Maar Dawid weet by God is daar 'n innerlike beweging oor sy verdwaalde kind. Dit alles is God se oneindige barmhartigheid. Al sal dit wees dat die Heilige Gees op die agtergrond staan, dit voel die Gees trek Hom terug wanneer die sonde so die oorhand oor 'n mens het, maar die uitverkorene sal nooit deur die Gees leeg gelaat word nie. Nooit nie! Daarvoor is God getrou.

Ja, hoe weet ek dit? Hoe weet ek die Gees is nog in my. Dit is die tye wanneer 'n mens nog met jouself in die verskriklikste worsteling ingaan. Dink maar aan die woorde van Dawid uit Ps 32. Toe Dawid geswyg het, was hy verskriklik ongelukkig. Onrustig. Hy het geen vrede geken nie. Is dit nie hoe ons dit dikwels beleef nie? Hoekom? Dis die Gees wat daarvoor sorg. Hy is nie weg nie. Daardie tweegesprek in jou wat jou nie met rus laat nie. Dit word 'n geveg vergelykbaar met Jakob in Pniel waar Pniel beteken die "aangesig van God". Voor die aangesig van God sal die gelowige nie rus kry in sy sonde nie. Dit alles het ons nie aan onself te danke nie, dit is alleen die getroue Heilige Gees wat my nie aan myself oorlaat nie en wat nie bereid is om in die sonde te berus nie. Die Gees berus nie in die sonde nie. Dit is waarvoor Paulus die Here in Fil. 1:6 dank en daarop rig Paulus sy vertrou. "omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus." Wat 'n pragtige evangelie! Ek mag op God vertrou dat Hy my weer sal oprig. *Wat 'n sekuriteit het die gelowige in die God van barmhartigheid.*

\*\*\*

Hier gebeur nog iets groter. Al val die kind van die Here diep en vêr, is daar 'n grens. God sal nie toelaat dat sy kinders so vêr val, dat hulle die regverdiging verloor of dat hulle die sonde van lastering teen die Heilige Gees sal begaan nie. So sal God nie toelaat dat ons sy kinders, onself in die ewige verderf stort nie. Broeder en suster, wanneer ons al hierdie dinge hoor dan bly daar vir die mens soveel genade en hoop oor. Watter uitnemende troos!

Al is ek gelowige, so swak, al het ek maar slegs 'n klein begin van die gehoorsaamheid wat God vra, gedoen. Dit is eintlik geen verrassing wanneer ek in sonde val nie. Ek hoef egter nie radeloos te wees nie. Asof alles nou verlore is nie. Geensins. Dink aan die pragtige woorde van ons doopsformulier: **"En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en volkome betroubare (ontwyfelbare) getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het."**

Daarom dat ons nie moet toelaat dat die Remonstrante ons van hierdie troos en sekerheid beroof nie. Ja, die Remonstrante glo dat 'n gelowige tot die dood toe kan sondig. Hulle wil beweer dat om in jou geloof seker te wees eintlik nie mag bestaan nie. Vir hulle is die gelowige se volharding in die geloof 'n voorwaarde waaraan hy self moet voldoen. Die volharding is 'n saak van die mens self, 'n eie prestasie. Maar ons *kan nie* aan die voorwaarde voldoen nie. As ons op onself aangewese is, dan kom daar niks van ons verlossing tereg nie. Dan bly ons sonder troos en hoop. Gelukkig is volharding *God* se saak. 'n Kwessie van *Sy* trou. Die troos bly staan dat God neem sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie. Ons dink aan die woorde in Ps138:4 (ber)- *Die Heer is goed en wondersterk: Hy sal sy werk deur niks laat keer nie...*

Wanneer die Dordtse Leerreëls spesifiek oor die sonde teen die Heilige Gees handel dan het ons in die verwerping van die dwalinge van die Remonstrante hierdie uiters belangrike stelling- (par 4- by die verwerping van die dwalinge-) **Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood, of dié teen die Heilige Gees begaan...**

As dit sou wees dat ware gelowiges tot hierdie verskriklike sondes soos hierbo genoem in staat wees dan sou niemand gered kan word nie. Ons weet dat daar vir hulle wat hierdie sonde doen geen omkeer kan wees nie. Tog bly ons maar worstel rondom oor hierdie sonde teen die Heilige Gees- Veral as ons ook Hebr. 6:4-6 lees. *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om die weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* As ons dit so lees, lyk dit asof die gelowige tog kan afval en verlore kan gaan. Daar word gepraat van mense wat eenmaal verlig geword het, die hemelse gawe gesmaak het, die heilige Gees deelagtig geword het en die goeie woord van God gesmaak het. As hulle afval, dan is dit onmoontlik dat hulle weer tot bekering kom. Praat God dan nie hier van *gelowiges* nie?

Die gedeelte moet van nader bekyk word- *"Die wat eenmaal verlig geword het."* As ons hierdie woorde met Heb. 10:26 vergelyk dan sien ons dat dit dui op *hulle* wat die kennis van die waarheid ontvang het. Hulle het die evangelie dus gehoor en God en sy diens leer ken. Hulle het die hemelse gawe gesmaak. Hulle het hul geloof bely. Hulle het nagmaal gevier.

Hulle het uit die beker gedrink. Vervolgens word gesê dat hulle *die Heilige Gees deelagtig geword het*. Kan iemand wat die Heilige Gees deelagtig geword het, dan tog die Heilige Gees heeltemal verloor? Nie werklik nie. Ander gedeeltes van die Skrif is duidelik genoeg daarvoor. *Wat word dan bedoel met hulle wat die Heilige Gees deelagtig geword het?*

Hier word gewys op mense wat in die kerk verkeer het en deel gehad het aan die gawes wat Christus vir sy kerk gee. Oënskynlik is hulle soos die ander lidmate. Jy sien aan die buite kant geen verskil nie. Hulle is volwaardige lidmate van die gemeente. Maar later word hul ware gedaante openbaar. Hulle het wel baie verstandelike kennis van God, maar geen ware verhouding met God nie. Hulle blyk dus geen ware gelowiges te wees nie. Hulle keer hulle bewus teen die God wat hulle leer ken en bely het.

Hebr. 10 benadruk dat hulle opsetlik sondig. Dis mos mense wat die waarheid ken, maar opsetlik hulle daarteen verset. Maar ondermyn hierdie moontlikheid nie die sekerheid en troos wat ons bo juis benadruk het nie? Dalk is ek ook een van hulle wat uiterlik tot die gelowiges behoort, maar nie 'n ware gelowige is nie. En as ek dan diep val, wie sê dat ek dan ook nie buite die bereik van vergewing en bekering kom nie? Dalk het ek ook die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees gedoen?

Onthou mense wat die onvergeeflike sonde doen, hulle worstel allermens met die sonde. Petrus het waarlik geworstel. Selfs daardie nag het hy in die oë van Jesus gekyk, bedroef die nag in en bitterlik geween. Petrus se sonde is verskriklik, maar dit is duidelik nie die sonde wat teen die Gees is nie. Mense wat opsetlik teen die Gees sondig- hulle het geen enkele gewetenswroeging daarvoor nie. Kenmerkend is juis dat hulle opsetlik teen God opstaan, terwyl Hy homself nou so ryklik deur sy Heilige Gees aan hulle bekendgemaak het. Daar is by sulke mense geen spyt of berou nie. Berou is mos die vrug van die Heilige Gees. Daarom is mense wat teen die Heilige Gees sondig altyd verhard. Ons kan rustig sê: as jy worstel met die vraag of jy moontlik die onvergeeflike sonde gedoen het, jy dit dan juis nie gedoen het nie. Want **“God bewaar in Sy kinders Sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie.”** So bely ons dit in paragraaf 7.

God het in u en my hart 'n nuwe lewensbeginsel gewerk. Die beginsel kan nie vernietig word nie. God bewaar dit. Daarom is daar nog die innerlike stryd en onrus oor die sonde. Die Here bring Sy kind letterlik telkens terug na Homself. So bely ons dit: **"Ten tweede**

**vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering."** Wie in sonde val moet vernuwe word. God sorg daarvoor deur sy Woord en Gees.

\*\*\*

Geliefdes, die lig wat die gelowige kan sien, al kom dit aanvanklik flouerig deur net die lig van die Woord, maar méér het ons nie nodig. Die Woord van God, die hele Woord, die Woord alleen. Dit is die stem van God se Woord wat tot in ons harte deurdring. Die Woord laat ons nie koud nie. Die Woord het trefkrag. Dit roer baie keer aan dinge wat ek juis wil verswyg. Dit is waarmee par.7 ons belydenis mee vul. Die Woord is ook die saad van die wedergeboorte. Hierdie is ewige saad, onverderflik. Al val die gelowige in die sonde, die saad van die wedergeboorte kan nie verlore gaan nie.


Inteendeel die Woord en die Heilige Gees is altyd aanmekaar gebind en werk altyd saam. Daarom het ons belydenis die sekerheid dat die Woord en Gees ons kragtig kan vernuwe. So sterk staan die Woord dat dit gee ons berou oor ons sonde, ons soek vergewing van sondes in die bloed van Christus, ja selfs kom daar 'n derde deel by- 'n mens begin wéér besef wat genade is. God word om meer genade gesmeek, ja met groter ywer gedien en aanbid wanneer ons in ons gemeenskap met Hom volhard.

Ja, die berou oor ons sonde moet daar wees. So bely ons dit: **Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het, van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry.** Geen oppervlakkige en goedkoop berou nie. Geen berou vanweë die sonde se nadelige gevolge vir jousef of die skade wat jy jou eie naam aangedoen het nie. Berou volgens die wil van God is- teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë. Ek het u naam skade aangedoen. Dit is vir my die ergste. En vergeef my my sondes. Om Christus ontwil. Op grond van sy lyding en dood. So besef ons opnuut hoe groot God se genade is. Dan wil ons die sonde des te meer haat en ontvlug. En volgens die wil van God lewe. Ootmoedig, en verantwoordelik, in vertroue op Hom.

Watter troos en hiermee sluit ons af- Ek, sondaar soos ek, mag 'n kind van God wees. Wat 'n genade! Om kind in die huis by God die Vader te mag wees! Om te geniet van die regte en pligte van 'n kind van God. Besef ons nog wat dit beteken? Wat gebeur dan wanneer ons in sonde val? Werp Hy my dan uit die huis uit? Hy laat my nie uit die genade van Sy aanneming uitval nie. Ek is regtens iemand wat vrygespreek is. Vry van skuld en straf. Ek

het reg op die ewige lewe. Danksy Christus, my Borg. Dikwels leef ek nie in ooreenstemming met die regsposisie nie. Maar God laat my nie so diep val dat ek uit die regsposisie sou uitval nie. In Christus bly ek vrygespreek. Ook al haat die Vader my sondes en keur Hy dit ten sterkste af. Wat 'n ryke troos, selfs terwyl ek in die moeras van die sonde verkeer.

AMEN





**Paragraaf 7**

